Inwyding Kindermonument, Bloemfontein, 1 Okt. 1959.

191.T.2 (12)

# DIE WORDINGSGESKIEDENIS VAN DIE KINDERMONUMENT

(Deur Professor H.B. Thom)

---

Die dae 1 - 4 Oktober 1959 sal in die geskiedenis van die N.G. Kerke in Suid-Afrika, en veral van ons Sondagskoolwese, altyd betekenisvolle dae bly.

In hierdie tyd word, by geleentheid van die Sewende Uniale Sondagskoolkongres, die Sondagskoolgebou ingewy en die Kindermonument onthul. Hiermee word 'n mooi ideaal verwesenlik, waarna baie lede van ons Kerk jare lank reikhalsend uitgesien het maar wat dikwels so onmoontlik en onbereikbaar geskyn het. Dit is vir ons rede tot groot vreugde en dankbaarheid dat die Here ons die voorreg gegun het om hierdie ideaal in vervulling te sien tree. x [illegible handwritten insertion]

Die gedagte aan 'n Kindermonument het ongeveer twintig jaar gelede opgekom. Manne wat naby die kinders van ons Kerk geleef en gewerk het, het die behoefte daaraan gevoel dat daar 'n waardige monument sal wees, wat van die heldedade van die kinders van ons geskiedenis sal getuig, en wat op treffende wyse tot oud en jonk sal spreek. Dit het egter 'n hele paar jaar geduur voordat die gedagte posgevat en steun gekry het. Die man wat die meeste in hierdie verband gedoen het, nie net wat die propagering van die gedagte betref nie, maar veral ook wat die verkryging van die nodige fondse aangaan, is ongetwyfeld ons Algemene Sondagskoolsekretaris, dr. E. Greyling.

Onder die leiding en aansporing van dr. Greyling is die stappe gedoen waardeur die oprigting van die Kindermonument werklikheid geword het. Hy het die steun van die Sinodes van die Gefedereerde N.G. Kerke gekry; hy het die samewerking van die Provinsiale Onderwysdepartemente gewen; en hy het onvermoeid, deur woord en daad, vir die verwesenliking van die mooi gedagte gewerk. Onder sy leiding is daar 'n prysvraag vir die monument uitgeskryf, waarop 'n hele aantal inskrywings ontvang is. Die Gefedereerde Sondagskoolkommissie het vervolgens besluit om die sentrale motief van prof. G. Ricotti, t.w. die voorstelling van 'n seun en 'n dogter wat saam 'n vlag hys, te aanvaar, en om mej. Laurika Postma te versoek om die historiese

sypanele te vervaardig.

Dr. Greyling, saam met die Gefedereerde Sondagskoolkommissie, het tereg gevoel dat daar in verband met die historiese panele baie versigtig te werk gegaan moes word. Ons geskiedenis moes nagegaan word, ten einde die nodige geskikte historiese feite te vind, wat vir die panele gebruik kan word. Met die oog hierop het dr. Greyling aan skrywer hiervan 'n brief gerig om te vra dat 'n kommissie van geskiedkundiges saamgestel word, wat geskikte momente uit die kinderlewe van ons volk sou bepaal, wat 'n finale keuse daaruit sou doen, en wat in verband met die uitbeelding van die betreffende gebeure sou raadgee. Die uitkoms was dat na verloop van tyd 'n kommissie benoem is wat, naas dr. Greyling self, bestaan het uit prof. D.J. Kotzé van Stellenbosch, dr. J.J. Oberholster en mnr. M.C.E. van Schoor van Bloemfontein, prof. A.N. Pelzer van Pretoria, en die skrywer hiervan as Sameroeper.

Die Kommissie het voor 'n moeilike maar tegelyk dankbare en besielende taak te staan gekom. Daar moes gesoek word na treffende kinderinsidente uit ons geskiedenis. Dit moes insidente wees wat iets kenmerkends uit die lewe van ons kinders weergee. Dit moes insidente wees wat sowel kinders as ouers aangryp. Dit moes bowealles insidente wees wat die Christelike en Nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner aan die wêreld toon, en wat op waardige, ondubbelsinnige wyse die deurslaggewende betekenis daarvan in die lewe van die kinders van ons volksverlede uitdruk.

Vanselfsprekend kon sulke insidente nie maar mooi verdigsels wees nie. Dit moes die <u>waarheid</u> wees, die waarheid soos dit in ons geskiedenis voorgekom het. Wat uitgebeeld word, moes werklik gebeur het. Want dit is slegs die waarheid wat blywend boei en voortdurend besiel. Natuurlik vind 'n mens by historiese insidente maar al te dikwels - al is die dokumentêre of mondelinge gegewens daaroor ook baie uitvoerig - dat ál die fynere besonderhede tog nie volledig meegedeel word nie.

Die Kommissie het dit in die loop van sy werk dan ook by herhaling ondervind. Hy het egter steeds daarna gestrewe om die betrokke historiese tradisie, afgesien daarvan of dit skriftelik of mondeling tot ons gekom het, so suiwer as moontlik weer te gee. Die eis is ook deurgaans gestel dat die essensiële

elemente van die historiese gebeure dokumentêr bewys moet kan word en dus die stempel van betroubaarheid moet dra.

Naas sulke probleme van geskiedkundige aard, was daar ook praktiese probleme. Die insidente moes op betreklike klein panele uitgebeeld word, waar daar dus net hoofsake in groot trekke weergegee kon word. Wat meer is, die panele sou van brons vervaardig word, en brons, ofskoon uitnemend geskik vir gietwerk, is nie 'n maklike materiaal om vir die voorstelling van natuurverskynsels soos sneeu, wind en storms te gebruik nie. Die Kommissie sou dus baie nou met mej. Postma moes saamwerk, ten einde te verseker dat 'n getroue weergawe van die gekose gebeure verkry word.

Bewus van hierdie probleme, het die lede van die Kommissie dadelik aan die werk gegaan om geskikte ~~insidente~~ tonele vir voorstelling op die panele te vind. Dit was wenslik om die ~~insidente~~ tonele nie oorwegend uit die een of ander tydperk van ons geskiedenis te kies nie, maar om hulle verteenwoordigend van ons hele geskiedenis te maak. Dit was ook wenslik om hulle nie oorwegend aan die een of ander deel van ons land te ontleen nie, maar om hulle verteenwoordigend van ons hele land te maak. Vandaar dat die hele veld van ons geskiedenis nagespoor moes word om die geskikste materiaal te vind.

Op 4 Maart 1957 het die Kommissie sy eerste vergadering in Bloemfontein gehou. By hierdie geleentheid is eers die algemene grondslae in verband met die keuse van die historiese ~~insidente~~ tonele bepaal, en vervolgens uitvoerige bespreking gewy aan 'n hele aantal insidente wat die lede van die Kommissie, op grond van voorafgaande ondersoek, vir oorweging voorgedra het. Uiteindelik is 'n voorlopige keuse van agt ~~insidente~~ tonele gedoen, en het die lede van die Kommissie opdrag gekry om die besonderhede hiervan, met die oog op 'n finale keuse, nader te ondersoek en op skrif te stel. Toe die lede aan die einde van hulle vergadering uit mekaar gegaan het, het hulle gevoel dat hulle reeds belangrike vordering gemaak het.

Op 28 Junie 1957 het die tweede vergadering, ook in Bloemfontein, plaasgevind. Die lede het oor hulle onderskeie ondersoeke verslag gedoen, en sekere besonderhede, waaroor daar onduidelikheid bestaan of verskille van mening geheers het, nader ondersoek. Ten slotte is 'n finale keuse gedoen:

Die Eerste Doopplegtigheid
Katkisasie
Petrus Bezuidenhout
Rachel de Beer
Helena Lotrie
Japie Greyling
Penkoppe
Boekevat

In hierdie volgorde sou die panele op mekaar volg.

Dieselfde dag het die Kommissie ook die sentrale motief van prof. Ricotti gaan besigtig. Hy het die gipsmodel toe byna klaar gehad, en was baie gretig om sy werk met die Kommissielede te bespreek. Die Kommissie het met groot belangstelling van die model kennis geneem, en was veral getref deur die krag en beweging wat daaruit gespreek het, asook deur die sterk dramatiese effek daarvan. Kommissielede het prof. Ricotti in verband met sekere historiese aspekte van die beelde van die seun en die dogter advies gegee, wat die kunstenaar met dankbaarheid aanvaar het.

Na afloop van hierdie vergadering het die lede van die Kommissie gevoel dat hulle taak in hoofsaak volbring was, en dat dit nou aan die twee kunstenaars gelê het om aan die panele en die sentrale beeldegroep die finale vorm te gee. Verskeie samesprekings is egter nog daarna deur lede van die Kommissie met mej. Postma en prof. Ricotti gevoer, en aldus is die besonderhede algaande tot finaliteit gebring, en is die bestanddele van ons Kindermonument een na die ander voltooi.

En nou, 1 Oktober 1959, aanskou ons die onthulling van die Kindermonument. Links kry ons vier panele:

(1) die eerste doopplegtigheid, waar die eerste blanke kind wat aan die Kaap gebore is, Willem Wijlant, op 20 Augustus 1653 in die ou Fort aan Tafelbaai gedoop word;

(2) Katkisasie op die Trichardt-Trek, waar leermeester Daniël Pfeffer, in die skaduwee van die magtige Drakensberge, kinders van die Trek in die ewige waarhede van die Heilige Skrif onderrig;

(3) Petrus Bezuidenhout, die jong held van Moordspruit, waar hy, in die vroeë oggend-donkerte van die Groot Moord, met sy perd uitjaag om ander Trekkers te gaan waarsku;

en (4) Rachel de Beer, die dogtertjie van twaalf jaar, wat in 'n ysige, verblindende sneeustorm haar kleertjies uittrek en haar jonger broertjie warm hou, terwyl sy self verkluim en haar lewe vir haar broertjie gee.

In die middel ~~vind~~ sal ons die twee treffende kinderbeelde vind, wat die simboliek van die Kindermonument verteenwoordig: die seun en die dogter wat die vlag hys. Die seun hou die vlagpaal vas, terwyl die dogter die vlag optrek. Altwee kyk hoog op, na boontoe, daar waar die vlag opgaan, daar waar hulle ideale wink. Onder hulle is die geopende Bybel: Dit is die grondslag, die fondament, waarop hulle onwrikbaar gevestig staan, en waarop hulle ideale vir die toekoms onwankelbaar gebou moet word.

Na die regterkant toe ~~kry~~ sal ons kry die vier ander panele:

(1) Helena Lotrie, die heldhaftige jong dogter, wat met haar klere en haar eie liggaam die gewonde Piet Grobler probeer beskerm;

(2) Japie Greyling, onvergeetlike jong held van die Tweede Vryheidsoorlog, wat, selfs voor die lope van die Leemetfords, weier om sy eie mense te verraai;

(3) die Penkoppe, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog, op so 'n verskeidenheid van maniere en plekke, hulle bydraes gelewer het en vir die burgers 'n ware besieling was;

en (4) boekevat, daardie kenmerkende Afrikanerhuisgodsdiens, waar die vader aan die hoof van die tafel die Heilige Skrif neem en, saam met moeder en kinders, in ootmoed voor die troon van die Here nader.

So sien ons ons Kindermonument voor ons: in die middel ons kinders, met hulle frisse lewenslus en lewenskrag, suiwer en skoon en edel in hulle strewe na hulle ideale; weerskante ons geskiedenis, die geskiedenis van ons kinders, met die inspirerende heldedade wat tingerige klein kindertjies tot onsterflike helde van die Afrikanervolk gemaak het. Maar laat ons nie aan die sentrale motief en die sypanele as aparte bestanddele, met afsonderlike betekenis, dink nie. Ons mag die Kindermonument nie in ons gedagtes in verskillende dele versnipper nie. Alles saam vorm 'n eenheid, 'n eenheid selfs met die Sondagskoolgebou, waarby die Kindermonument ingebou is.

Die Kindermonument spreek op treffende, aangrypende wyse tot ons van die aandeel wat die kinders van ons volk aan ons geskiedenis gehad het. Hierdie monument getuig insonderheid van die aandeel van ons kinders aan die behoud en verspreiding van die beskawing en die Christendom in die worsteldae van ons verlede. Hierdie monument wys vir ons dat die volk van Suid-Afrika nie vir die kinders van Suid-Afrika hoef skaam te wees nie.

Mag hierdie monument dan ook - en laat ons die Here vuriglik daarom bid - vir ons kinders van vandag en ons kinders van môre 'n ware spoorslag en inspirasie wees. Mag hulle ook, net soos die kinders van die verlede, helde vir Suid-Afrika oplewer. Mag die gees wat die Kindermonument adem, ook steeds die gesindheid van ons kinders verteenwoordig. Dan sal hulle ook - daaroor hoef ons nie te twyfel nie - 'n Rachel de Beer, 'n Helena Lotrie en 'n Japie Greyling, tot sieraad vir die Afrikanervolk, aan ons gee.

Vir die lede van die Kommissie van Geskiedkundiges was dit waarlik 'n voorreg om aan hierdie verheffende taak mee te werk. Ek dank my medelede vir hulle vriendelike, hartlike samewerking. Ons dank dr. Greyling vir sy getroue bystand. Ons dank ons Kerk vir alles wat hy gedoen het om die Kindermonument tot stand te bring. Maar, bo alles, almal saam dank ons die Here, aan Wie die lof en die heerlikheid in alle dinge toekom.

******************